MPUMALANGA RUGBY UNIE

INDEX

KLUBLIGAREëLS VIR DIE 2010 SEISOEN

1.	SUPERLIGA	2
	1.1 SUPERSPORT KLUBKOMPETISIE	2
2.	SENIOR EERSTELIGA	2
3.	RESERWELIGA	3
4.	LAEVELDLIGA	3
5.	AFSKOPTYE VAN ALLE BEPALINGS BINNE DIE UNIE-GEBIED EN TYDSDUUR VAN ALLE SPANNE	4
6.	VASTELLING VAN 'N WENNER IN SEMI-FINALE EN 'N FINAAL IN AL DIE UNIE SE KOMPETISIES	5
7.	PUNTELYS FORMAAT	5
8.	WEDSTRYDE AFGESTEL IN AL DIE UNIE SE KOMPETISIES.	5
9.	DISSIPLINêRE AANGELEENTHEDE	6
10.	VERTEENWOORDIGENDE- EN PROEFWEDSTRYDE	6
11.	SPELERS WAT ONTTREK UIT PROVINSIALE SPANNE	7
12.	REGISTRASIE VAN SPELERS	7
13.	WEDSTRYDE & SPELERS	8
14	GESKILLE: GELDENDE LIGA	10

MPUMALANGA RUGBY UNIE

KLUBLIGAREëLS VIR DIE 2010 SEISOEN

Datums en venues van wedstryde mag alleenlik verander word indien beide betrokke klubs betyds en skriftelik aansoek na die Unie doen en geen verandering van ligabepalings is van krag indien die Unie nie skriftelik daartoe goedkeuring verleen het nie.

1. LAEVELDLIGA:

Tien klubs sal aan die Laeveldliga deelneem.

Klubs: Witrivier, Nelspruit, Barberton, Riverside, Ngodwana, Belfast, Rooikatte, Malelane, Haziview, Impalas.

Die tien klubs speel ‘n dubbel rondte waarna die vier klubs met die meeste punte op die log na afloop van die kompetisie, verder deelneem aan uitklopliga (Superliga) om as wenner aangewys word van die Mpumalanga Superliga.

2. HOëVELDLIGA:

5 Klubs sal aan die Hoëveldliga deelneem.

Klubs: Middelburg, Ferro’s, Hurricanes, Matla, Komati Rebels.

Die vyf klubs speel ‘n dubbel rondte waarna ‘n enkel rondte oorkruis teen die klubs van die Koolveldliga gespeel word om die Nr 1 en Nr 2 op die log in elke streek afsonderlik te bepaal. Die twee klubs met die meeste punte op die log na afloop van die een en ‘n halwe rondte, speel verder aan ‘n uitklopliga (Superliga) om as die wenner aangewys te word van die Mpumalanga Superliga.

3. KOOLVELDLIGA:

6 Klubs sal aan die Koolveldliga deelneem.

Klubs: Sasol, Bethal, Kriel, Ermelo, Standerton, Carolina.

Die ses klubs speel ‘n dubbel rondte waarna ‘n enkel rondte oorkruis teen die klubs van die Hoëveldliga gespeel word om die Nr 1 en Nr 2 op die log in elke streek afsonderlik te bepaal. Die twee klubs met die meeste punte op die log na afloop van die een en ‘n halwe rondte, speel verder aan ‘n uitklopliga (Superliga) om as die wenner aangewys te word van die Mpumalanga Superliga.

4. LAEVELD-PRESIDENTSLIGA:

Die ses (6) klubs wat nie aan die uitklopliga (Superliga) gaan deelneem nie, sal aan die Laeveld-Presidentsliga deelneem.

Klubs: Sal vasgestel word na afloop van die Laeveldliga.

Die ses klubs speel ‘n enkel rondte waarna die twee klubs met die meeste punte op die log na afloop van die kompetisie, ‘n finaal sal speel op die tuisveld van die klub met die meeste punte op die log.

5. SENIORLIGA:

Die sewe (7) klubs van die Hoëveld- en Koolveldliga wat nie aan die uitklopliga (Superliga) gaan deelneem nie, sal aan die Seniorliga deelneem.

Klubs: Sal vasgestel word na afloop van die Hoëveld- & Koolveldliga.

Die sewe klubs speel ‘n enkel rondte waarna die twee klubs met die meeste punte op die log na afloop van die kompetisie, ‘n finaal sal speel op die tuisveld van die klub met die meeste punte op die log.

6. SUPERSPORT KLUBKAMPIOENSKAPPE:

Die klub wat na afloop van die uitspeel rondes as wenner van die Superliga aangewys word, sal die Unie verteenwoordig op die SARU KLUBKAMPIOENSKAPPE.

Indien, vir watter rede ookal, die MRU Superliga nie afgehandel is nie en die SARU Klubkampioenskappe se toernooidatum voor die einde is van die Unie se Superliga, sal die Superliga klubs met die Presidentsraad vergadering hou om te besluit watter klub die Unie sal verteenwoordig.

7. AFSKOPTYE VAN ALLE BEPALINGS BINNE DIE UNIE-GEBIED EN TYDSDUUR VAN ALLE SPANNE:

TYE VAN KLUBWEDSTRYDE:

Eerste span wedstryde	-	40 minute ‘n kant en moet nie later as 16:00 begin
Tweede span wedstryde	-	35 minute ‘n kant
Derde span wedstryde	-	30 minute ‘n kant.

Tye kan alleenlik gewysig word nadat die twee spesifieke klubs wat teen mekaar moet speel, skriftelike toestemming daartoe verleen het en met die Unie daaroor skriftelik gekommunikeer is.

8. VASTELLING VAN 'N WENNER IN SEMI-FINALE EN 'N FINAAL IN AL DIE UNIE SE KOMPETISIES (Indien van toepassing)

8.1 Semi-finale:

a. Indien die spanne se telling gelyk is na afloop van die geskeduleerde tyd van die wedstryd, word 20 minute ekstra tyd (10 minute 'n kant) gespeel.

b. Indien die telling steeds gelyk is na die toegelate ekstra tyd, sal die span wat die meeste drieë gedruk het in die semi-finaal as wenner aangewys word.

c. Indien die tellings steeds gelyk is na bepaling (b) hierbo, sal die span met die meeste punte op die puntelys (log) van die kompetisie, as wenner aangewys word.

8.2 Finaal:

a. Indien die spanne se telling gelyk is na afloop van die geskeduleerde tyd van die wedstryd, word 20 minute ekstra tyd (10 minute 'n kant) gespeel.

b. Indien die telling steeds gelyk is na die toegelate ekstra tyd, sal albei spanne as wenners aangewys word.

8.3 In die geval van geen Finale:

b) Word die span met die meeste punte op die puntelys (log), as wenner aangewys of, indien gelyk,
c) Word die span met die grootste netto punte verskil (punte vir minus punte teen), as wenner aangewys of, indien gelyk,
d) Word die span wat die meeste drieë gedruk het in hierdie kompetisie, as wenner aangewys of, indien steeds gelyk, word beide spanne as wenner aangewys.

9. PUNTELYS FORMAAT:

Die volgende puntelys-formaat sal van toepassing wees op al die Unie se kompetisies:

Wen :	4 punte
Gelyk :	2 punte
Verloor:	1 punt vir verloor met 7 of minder punte teen die wenspan.
	0 punte vir verloor met meer as 7 punte.
Drieë bonus:	1 punt vir die span wat 4 en meer drieë druk per wedstryd
Ontrekking:	In geval ‘n span, vir watter rede ookal, onttrek uit ‘n spesifieke liga, moet die punte vir en teen van daardie span in geheel uit die logs verwyder word.

10. WEDSTRYDE AFGESTEL IN AL DIE UNIE SE KOMPETISIES.

In die geval waar 'n wedstryd om watter rede ookal afgestel word, sal die volgende prosedure van toepassing wees:

10.1 Indien 'n wedstryd gedurende halftyd of enige tyd gedurende die tweede helfte afgestel word, sal die telling van krag wees;
10.2 Indien 'n wedstryd gedurende die eerste helfte afgestel word, sal die uitslag as gelyk verklaar word; en
10.3 Indien 'n semi-finaal of die finaal gelyk verklaar word onder sub-artikel 8.2 hierbo, sal die bepalings soos uitgesit is in VASSTELLING VAN 'n WENNER IN SEMI-FINALE EN 'n FINAAL (par. 8 hierbo), van toepassing wees.

11. DISSIPLINêRE AANGELEENTHEDE:

11.1 Rooi en geelkaarte:
Spelers wat deur 'n skeidsregter met ‘n rooi kaart van die veld gestuur is, bly geskors totdat die Dissiplinêre Komitee hulle toelaat om weer te speel. Indien sodanige speler voor die tyd speel, is dit "mutatis-mutandis" 'n oortreding van paragraaf 14.2 van hierdie kompetisiereëls.

11.2 Verhore van rooikaarte, sal outomaties gehou word op die eerskomende Woensdag na die voorval. Spelers van klubs moet vroegtydig deur hulle klubs van hierdie reël verwittig word aangesien verhore sonder kennisgewing kan plaasvind deurdat dit ‘n outomatiese stap (Regulasie) is. Die Uniekantoor sal egter die normale prosedures volg ten opsigte van klagtes, ens.

11.3 Skeidsregters wat spelers, om watter rede ookal, van die veld gestuur het met ‘n rooi kaart, is verplig om sy verslag in te dien op die eerste werksdag na afloop van die geval sodat klagstate betyds vir die verhoor opgetrek kan word. Indien so verslag nie ontvang word voor 16:00 deur die Bestuurder Rugby nie, verval so klag en kan daar teen die skeidsregter, in terme van die Unie se Grondwet, opgetree word.

12. VERTEENWOORDIGENDE- EN PROEFWEDSTRYDE :

12.1 Vir alle verteenwoordigende- en proefwedstryde sowel as oefening vir sodanige wedstryde moet die spanne deur die betrokke keurkomitee van die Unie gekies word en die klubs moet die bywoning van die verkose spelers verseker.

12.2 Enige speler wat gekies is vir 'n verteenwoordigende span van die Unie of vir proefwedstryde of genooi is om oefeninge van die Unie by te woon en wat onttrek om welke rede ookal of versuim om in sodanige wedstryd te speel of versuim om sonder toestemming van die betrokke afrigter sodanig oefening by te woon, mag nie vir sy klub speel tot na die eerste daaropvolgende ligawedstryd nie. Indien 'n speler in stryd met hierdie bepalings wel vir sy klub speel, tree regulasie 14.2 en 14.3 hieronder in werking.

12.3 Alle spelers wat in die begin vyftiental van die Pumas se professionele en verteenwoordigende spanne is, is gevries vir klubrugby ongeag wanneer die klubs speel. Spelers buite die 22 tal mag vir sy klub speel.

Reserwes:
Spelers wat nie gekontrakteer is nie, mag wel vir hulle onderskeie klubs speel met die voorwaarde dat die klubwedstryde NA die provinsiale wedstryd plaasvind.

12.4 Geen gekontrakteerde speler mag vir sy klub speel mits die hoof-afrigter van die spesifieke provinsiale span skriftelik en in oorleg met die Hoof Uitvoerende Beampte van die Unie, toestemming verleen dat so ‘n speler mag speel vanweë watter rede ookal.

12.5 Indien ‘n klub drie (3) of meer nie-gekontrakteerde spelers in enige provinsiale kompetisie aan die Unie afstaan, is die klub geregtig om uitstel te vra en moet die wedstryd die eerskomende Dinsdag na afloop van die naweek se bepalings gespeel word.

13. SPELERS WAT ONTTREK UIT PROVINSIALE SPANNE:

Met enige onttrekking uit ‘n provinsiale span van die Unie, ongeag die rede, mag so ‘n speler nie vir ‘n klubspan diens doen tot na die eerste daaropvolgende ligawedstryd nie. Die bepaling is slegs geldig vir die wedstryd na sy onttrekking.

14. REGISTRASIE VAN SPELERS:

14.1 Spelers word elke jaar voor aanvang van die Unie se eerste klubligabepaling nuut geregistreer. Registrasievorms moet volledig ingevul wees en by die MRU kantore ingedien word alvorens registrasie kan plaasvind. Na skriftelike bevestiging vanuit die Uniekantoor aan die betrokke klub, sal registrasie amptelik wees. Alle registrasie verval met die einstryd van die Curriebeker kompetisie.

14.2 Indien ‘n klub ‘n speler strydig met die bepalinge van regulasie 12 toelaat om te speel, verbeur die span waarvoor sodanige speler gespeel het enige punte wat in die betrokke wedstyd verkry is: met dien verstande dat die opponente van die betrokke span, behalwe in die geval van halfeind- en eindwedstryde, nie die betrokke punte wat verbeur is ontvang nie en met dien verstande verder dat die Presidentsraad versoek kan word om toepaslike verdere stappe te neem teen ‘n klub wat herhaaldelik oortree.

14.3 Indien voormelde straf nie prakties toepasbaar is nie en alleen in daardie geval kan die Presidentsraad enige ander straf en/of geldelike boete oplê.

15. WEDSTRYDE & SPELERS:

15.1 Wedstryd sekretarisse moet nie later as Maandag (of eerste werksdag) om 16:00 na afloop van ligawedstryde, wedstrydverslae op die voorgeskrewe vorm van die Unie, by die Uniekantoor indien.

15.2 Tydens elke wedstryd moet die tuisklub ‘n “Wedstryd Sekretaris” aanwys, dit bekend maak aan die besoekende klub/s, wie dan verantwoordelik sal wees vir die invordering van alle wedstryd verslae van die klubs vanaf die spanbestuurders. Hierdie verslae moet dan in terme van regulasie 15.1 hierbo deur die betrokke Wedstryd Sekretaris na die Uniekantoor deurgestuur word.

15.3 Die Uniekantoor moet op Donderdag oggende die logs van die verskillende kompetisies van die Unie se klubligas, aan die klubs beskikbaar stel.

15.4 Klubs moet voor of op Vrydae na afloop van die uitreiking van klubliga logs, beswaar by die Uniekantoor indien. Indien geen besware ontvang is nie, sal die verslae soos ontvang is en die logs soos uitgereik is, as korrek aanvaar word.

15.5 Klubs wat vir ‘n weg-wedstryd-bepaling in ‘n spesifieke kompetisie punte stuur of die bepaling, om watter rede ookal, nie nakom nie, moet sy eersvolgende tuiswedstryd in dieselfde kompetisie teen daardie spesifieke klub afstaan. Hierdie bepaling geld ook vir gevalle waar semi-finale of ‘n finaal die eersvolgende tuiswedstryd sou uitmaak. Hierdie reël is oordraagbaar na ‘n volgende seisoen.

NB

15.6 Alle wedstryde moet op die tyd en plek gespeel word soos in die bepalingslys van die Unie vasgestel. Geen verandering van plek, datum of tyd of die uitstel van 'n wedstryd mag plaasvind sonder dat die onderskeie betrokke klubs skriftelik daartoe ingestem het en dit deur die Uniekantoor skriftelik goedgekeur is nie.

15.7 'n Wedstryd word alleen na 'n vaste datum, tyd en plek uitgestel.

15.8 Amptelike oefendae vir klubs word vasgestel op Dinsdae en Donderdae terwyl provinsiale spanne op Maandae en Woensdae oefen.

15.9 Indien ‘n klub meer as een span in verskillende geldende liga’s inskryf, moet sodanige klub by inskrywing aandui welke span voorrang geniet.

15.10 Klubs wat in meer as 1 liga van die MRU deelneem:
Spelers wat gekies word om in die Laeveld- of Seniorliga te speel, mag nie in sy laaste voorafgaande wedstryd Superliga 1 of 2 gespeel het nie.

15.11 Finaal & semi-finale:
Spelers moet 3 wedstryde in daardie spesifieke liga gespeel het of in ‘n laer liga.

15.12 Spelers van spanne wat in die geldende liga uitgeskakel is en wat in die laaste wedstryd van die betrokke span gespeel het, mag nie vir enige span van die klub of enige ander klub aan semi-finale of finaal deelneem nie. Genoemde spelers moet minstens drie wedstryde vir die “nuwe” klub speel.

15.13 Indien ‘n klub ‘n speler strydig met die bepalinge van die regulasies toelaat om te speel, verbeur die span waarvoor sodanige speler gespeel het enige punte wat in die betrokke wedstyd verkry is: met dien verstande dat die opponente van die betrokke span, behalwe in die geval van halfeind- en eindwedstryde, nie die betrokke punte wat verbeur is ontvang nie en met dien verstande verder dat die Presidentsraad versoek kan word om toepaslike verdere stappe te neem teen ‘n klub wat herhaaldelik oortree.

15.14 Spelers wat vir proefwedstryde en verteenwoordigende spanne gekies is en wat sonder ‘n gegronde rede versuim om aan ‘n wedstryd of oefening deel te neem, sal vir een ligawedstryd outomaties geskors beskou word.

15.15 Die Unie kan na goeddunke 'n span van 'n klub aanwys om deel te neem aan 'n superliga of 'n nie-superliga kompetisie waarvoor sodanige span van 'n klub na die mening van die Unie geskik is.

15.16 Die Unie kan, wanneer dit nodig gevind word en nadat aansoek gedoen is deur 'n klub, sodanige klub toelaat om 'n span uit ‘n spesifieke kompetisie te onttrek.

15.17 Geen klub mag sonder die skriftelike toestemming van die Unie daartoe 'n wedstryd reël met 'n klub wat nie met die Unie geaffilieer is nie.

15.18 Geen vriendskaplike wedstryde mag gespeel word sonder die skriftelike goedkeuring van die Unie nie.

15.19 Geen klub mag 'n wedstryd speel teen 'n klub of 'n span wat nie by S.A.R.U. geaffilieer of goedgekeur is sonder die nodige skriftelike goedkeuring van die Unie en/of SARU nie.

15.20 Die bepalingslyste van die onderskeie kompetisies moet skriftelik aan alle lede van die Unie, die betrokke klubs en Verenigings, sowel as die Skeidsregtersvereniging, gegee word.

15.21 Alle Rugby wedstryde binne die Mpumalanga provinsiale gebied vind plaas onder beheer van die Mpumalanga Rugby Unie.

15.22 Indien 'n aangewese skeidsregter nie opdaag vir 'n wedstryd nie, moet die Voorsitters of hul regmatige verteenwoordigers van die twee betrokke spanne ooreenkom op 'n plaasvervangende skeidsregter. Indien hulle nie kan ooreenkom nie, wys die plaaslike Voorsitter, of sy regmatige verteenwoordiger van die tuisspan die skeidsregter aan. Indien die aangewese skeidsregter later opdaag, neem hy beheer van die wedstryd oor vanaf daardie stadium.

15.23 Alle wedstryde neem 'n aanvang op die bestemde tyd. Indien 'n wedstryd nie 'n aanvang neem op die bestemde tyd nie en nie binne twintig minute nadat die skeidsregter die spanne aangesê het om op die veld te verskyn sodat met die wedstryd voortgegaan kan word nie, staan die span wat nie op die veld verskyn nie die punte vir daardie wedstryd af aan sy teenstaander.

15.24 Klubspanne wat nie 'n wedstrydbepaling nakom nie, se eerste span sal een ligapunt verbeur.

15.25 Voordat ‘n speler aan wedstryde onder die jurisdiksie van die Unie mag deelneem, moet sodanige speler behoorlik ingevolge die prosedure vir die registrasie of oorplasing van spelers, soos bepaal in die Reglement vir Registrasie en Oorplasing van Spelers, by ‘n klub geregistreer wees.

15.26 Die registrasie van ‘n speler by ‘n klub, soos bedoel in paragraaf 15.25 hierbo, verval indien die speler ingevolge die Reglement vir Registrasie en Oorplasing van Spelers, lidmaatskap verkry van ‘n ander klub of in ‘n verteenwoordigende span van ‘n ander Unie of van ‘n klub buite die gesagsgebied en jurisdiksie van die MRU ingesluit word.

15.27 Paragraaf 15.25 en 15.26 hierbo is nie van toepassing op spelers wat deur die Unie ingevolge goedgekeurde uitruilooreenkomste aan ander unies afgestaan word of van ander unies verkry is nie.

15.28 Spelers wat ingevolge paragraaf 15.25 hierbo registrasie by ‘n klub verkry het nadat die geldende ligas ‘n aanvang geneem het, mag alleenlik na skriftelike bevestiging van registrasie vir sy nuwe klub rugby speel.

15.29 Klubs moet voor 12:00 op ‘n Vrydag voor ‘n naweek se bepaling spelers registreer. Indien aansoek vir registrasie voor 12:00 op die Vrydag ingestuur is en geen bevestiging van die Uniekantoor ontvang is nie, sal die bewys van die ingestuurde dokumente as bewys van registrasie dien vir daardie eerskomende bepaling. Aansoeke om registrasie kan in dringende gevalle ook gefaks word na 086 524 3828.

16. GESKILLE: GELDENDE LIGA:

a. Die Presidentsraad moet alle besware en geskille met betrekking tot wedstryde ondersoek en die beslissing van die Presidentsraad is bindend en finaal.

b. Enige beweerde onreëlmatigheid ten opsigte van ‘n wedstryd wat, na die uitsluitlike diskresie van die Presidentsraad, die toekenning van punte mag raak, moet sodra dit tot die Unie se aandag kom so spoedig moontlik afgehandel word.

c. Ondanks andersluidende bepalings, kan die Presidentsraad ‘n bona fide-versuim om aan die vereistes van bepaling 14.2 te voldoen, kondoneer.

d. Een (1) ligapunt sal as strafmaatreël outomaties van ‘n klub se eerstespan verhaal word waar klubwedstrydvorms nie betyds ingedien is nie.

e. Een (1) ligapunt sal as strafmaatreël outomaties van ‘n klub se eerstespan in dieselfde liga verhaal word waar wedstrydverslae nie volledig ingevul is nie. Dit word verstaan dat alle klubs verslae, weg of tuis, moet indien. Indien die teenstaanders se spanlys nie bekom kan word voor die aanvang van daardie wedstryde nie, is die span wie se verslae betyds beskikbaar gestel is, geregtig daarop om ‘n amptelike klag teen die oortreders by die Unie in te dien.